Hoërskool
DR. E.G. JANSEN
POSBUS 25454, OOSRAND, 1462 TEL: 011 826 1538/9/ 826 1546 FAKS: 011 826 4015 EPOS@EGJANSEN.CO.ZA WWW.EGJANSEN.CO.ZA

2 Februarie 2022

Geagte Ouers

Na aanleiding van die verslapping van die Covid-regulasies deur die regering, wil ek graag die volgende reëlings onder u aandag bring:

- Die dra van maskers bly verpligtend.
- Indien ‘n persoon/leerling vir Covid positief toets, maar geen simptome toon nie, is dit nie nodig vir daardie persoon om te isoleer nie; derhalwe kan so ‘n leerling skool bywoon.
- Die isolasietydperk, indien ‘n persoon positief toets, is verminder van 10 na 7 dae.
- As ‘n persoon/leerling in direkte kontak met ‘n Covid-positiewe persoon was en nie simptome toon nie, hoef daardie persoon/leerling nie te isoleer nie.

Neem asseblief kennis dat Dr. EG Jansen verbind is daartoe om alle Covid-regulasies streng na te volg om sodoende ons leerlinge en leerkragte se gesondheid sover moontlik te verseker.

Ons stuur ook vandag ‘n vorm namens die Onderwysdepartement aan al ons ouers uit. Ons sal dit hoog op prys stel indien u dit asseblief sal voltooi en so spoedig moontlik aan die skool sal terugstuur.

Jansengroete.

LF DE BEER

SKOOLHOOF